# Redaksioneel

Ons derde uitgawe van 2006 bevat onderwerpe uit verskille dissiplines in die Teologie en aanverwante dissiplines. Hiermee hoop ons om 'n bydrae te lewer vir praktyk-gerigte bediening, berading en Christelike leierskap. Hartlik dank aan al ons skrywers! Die artikel van J.J. de Bruyn en D.J. Human, oor 'n kontekstuele uitleg van Psalm 110, bespreek 'n saak wat onder diskussie is onder akademici in die Bybelwetenskappe en menings hieroor verskil. Tog is die debat belangrik omdat dit hermeneutiese beginsels en metodiek raak. In hierdie tyd van modernistiese en post-modernistiese hermeneutiese vertrekpunte bly die uitbouing van 'n gefundeerde gereformeerde hermeneutiek een van die belangrikste studievelde in die teologie en *In die Skriflig* wil ook hierin 'n bydrae lewer. Daarom word studente in die veld aangemoedig om die argumente van hierdie artikel, en ander wat oor die saak gestel word, te evalueer en te bespreek in diskussieartikels. Sodoende kan die reformatoriese hermeneutiek uitgebou word en ons blad aan sy geformuleerde doel voldoen.

Terwyl ons oor die doel van *In die Skriflig* praat, is dit belangrik om te let op die interessante statistiek wat 'n ondersoek van ASSAF oor die teologiese vaktydskrifte aan die lig gebring het. Daar is veertien teologiese vaktydskrifte in Suid-Afrika wat by die Departement van Onderwys geakkrediteer is en wat subsidie verdien. Hierdie tydskrifte bedien, volgens die statistiek, 152 voltydse akademici in teologie. Dit is bekend dat teoloë die meeste wetenskaplike tydskrifartikels publiseer en dit word deels toegeskryf aan die feit dat daar relatief baie tydskrifte vir 'n relatief klein groep skrywers bestaan. Teoloë kan dus hulle artikels makliker geplaas kry – so lui die argument. Die gevolg is dat meer subsidie vir teologie gegenereer word as vir ander dissiplines – veral vir die natuurwetenskappe. Die feit dat die owerheid eerder in die natuurwetenskappe wil belê, is bekend. Die vraag is nou of daar nie te veel teologiese vaktydskrifte bestaan nie. Veral is die vraag hoekom daar soveel tydskrifte is wat oënskynlik diesefde doel voor oë het. Sou samesmelting nie wenslik wees om balans in die subsidies te bevorder nie? Om 'n duidelike inset van die kant van die teologiese tydskrifte pro-aktief te lewer, het die redakteurs van

hierdie tydskrifte besluit om ’n redakteursforum in die lewe te roep om sodanige insette in toekomstige beleidsvorming uit te werk. Ons sal die resultate van hierdie inisiatief afwag.

Tog is dit nodig dat *In die Skriflig* ook sal moet besin oor sy eie nis. Tans word hierdie nis so omskryf: *‘In die Skriflig’ is ’n teologiese blad wat streef na die beoefening en uitbouing van die Reformatoriese teologie op ’n wetenskaplik verantwoorde wyse tot diens van die kerk en die koninkryk van God.* Hieruit moet afgelei word dat die blad nie ’n algemeen teologiese blad is nie, maar dat dit poog om op die Reformatoriese teologie toe te spits en dat dit ’n bydrae wil lewer tot kerklike bediening en die roepingsvervulling van gelowiges in die samelewing. Die blad bedien meer mense as bloot die akademici wat aan tersiêre inrigtings verbonde is. Dit bied ’n forum waarop prinsipiële sake en die praktiese toepassings wetenskaplik bespreek word en ingeklee word tot oortuigings en lewensmodelle wat vir alle kerke binne die Reformatoriese tradisie bruikbaar is en behoort te wees. Myns insiens moet die redaksie poog om die doel van *In die Skriflig*, soos hierbo beskryf, te verwoord in kort omskrywings wat aandui hoe die blad effektief die kerk en die koninkryk dien en kan dien.

Hierdie uitgawe van *In die Skriflig* bevat ook tien resensies. Die boekresensies word onder verskillende hoofde aangebied. Ons onderskei voortaan tussen resensies waarin vakwetenskaplike werke meer uitvoerig geresenseer word vir die vakkundige, en fokusresensies waarin populêr-wetenskaplike en populêre werke wat veral op aspekte van bediening en Bybelstudie fokus, in korter resensies bespreek word.

Ons vertrou dat ons lesers hierdie uitgawe stimulerend sal vind en dat dit bruikbaar sal wees in teologiese wetenskapsbeoefening, praktiese bediening en Christelike roepingsvervulling.

**J.M. Vorster**
**Redakteur: *In die Skriflig***